

GENOEG EN GENADE – Dit is die tema vir die junior en senior kategorie vir die volgende twee jaar. Dit is egter ons gebed dat dit ook die tema of refrein sal wees wat deur die res van ons bedienings sal loop: *God het ons lief en gee vir ons genoeg. God maak ons heel met genade maak nie saak wat ons doen nie.* In elke verhaal in die Bybel leer ons dat (soos met die manna in die woestyn) God vir ons fisies en geestelike genoeg gee om voluit te kan lewe en dat wanneer ons die punt mis, Hy ons herstel deur Sy genade. Dit is die beloftes waaraan ons vashou, ook wanneer ons 'n nuwe jaar beplan.

Ons wil hierdie jaar veral fokus op geestelike en persoonlike groei binne die gemeenskap van gelowiges en beplan verskeie maniere om julle hierin by te staan. Bo en behalwe die eredienste, is die eerste geleentheid wat ons hiervoor beplan het, 'n vier weke lange Bybelskool oor Levitikus. Want as ons op 'n plek kan kom waar ons seker is dat selfs Levitikus belangrik en relevant vir ons lewe vandag is, dan moet die res van die Bybel tog sekerlik ook wees. So indien jy gewonder het hoekom bloed, binnegoed en vuur nog enigsins in die Bybel moet wees, kom gesels saam op **12, 19 en 26 Februarie om 19:00**.

Op Sondag, **16 Februarie** het ons ook die voorreg om te sien hoe 'n klompie jongmense Belydenis van geloof aflê. Sedert verlede jaar is hierdie geleentheid nie meer aan die einde van die Gr 11 jaar nie, maar eers aan die begin van Gr 12. Ons probeer verhoed dat om jou geloof te bely 'n verpligting is wat afgehandel moet word, en wil eerder aan jongmense die vryheid gee om dit te doen wanneer hul reg is. Almal hoef dus nie op die 16e dit te doen nie, maar ons skeep wel 'n datum vir die wat voel dat hulle reg is en dit graag saam met die wil doen saam met wie hulle al lank op hierdie reis is.

Vir die Vrydae-oggende vanaf **28 Februarie** tot en met **3 April** gaan Thinus saam met Tamar by BMD 'n ondersteuningsgroep aanbied vir diegene wat in 'n seisoen na aftrede is en saam gedagtes en emosies hieroor wil deel.

Natuurlik sou dit ook nie eerste kwartaal gewees het, as ons nie Pretstap gehou het nie! Hierdie jaar is dit op **22 Februarie**. En ons nooi jou spesiaal uit om te kom deel wees van hierdie prettige geleentheid t.b.v. Echo Jeugontwikkeling. Ons samel ook hierdie jaar sagte speelgoed vir die Rooikruis kinders hospitaal in – dis deel van jou inskrywingsfooi. En die kos- en koffiestalletjies is die senior jeug se fondsinsameling vir die jaar. Kom kuier, stap en eet asseblief saam!

Ons Paassangdiens het 'n bietjie nader aan Paasfees geskuif en beplan ons vir **5 April**, maar die koor begin al op **18 Februarie** repeteer, indien jy dalk hierdie jaar saam wil kom sing. Op **6 Maart** is dit ook Wêreldbiddag vir vroue. Hierdie jaar het Zimbabwe die program saamgestel en ons het vir Susan Murray gevra om iets met ons te kom deel. Sy het tot drie jaar gelede nog sendingwerk in Zimbabwe gedoen. En net voor die kwartaal heeltemal klaar is, gaan die junior jeug kamp by Noordhoek van **13 tot 15 Maart**. Daardie Sondagand, **15 Maart**, kom Monique Strydom ook in die aanddiens gesels. Sommige sal haar onthou as die vrou wat vir vier maande in die Maldives as gyselaar aangehou is. Ons vat hierdie jaar met haar organisasie, Matla A Bana, hande as deel van ons betrokkenheid by bewusmaking oor mensehandel.

Verder is ons bevoorreg om ook hierdie jaar vir Stefan de Klerk, 'n finalejaar-teologiestudent te hê, wat sy prakties by ons doen. Ons sien uit na 'n nuwe stuk energie wat hy aan die bediening gaan bring en is dankbaar oor al die plekke waar hy reeds ingespring het om te help.

Ons droom voorwaar van 'n nuwe jaar met genoeg en vol genade. Mag dit ook vir jou waar wees in hierdie jaar.

“Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde in dae oorgaan.”
Gal 5:6b

Namens die kerkraad

Ds Thinus

Ds Elmarie

Ds Marietjie

Maandelikse debietorder vorms is beskikbaar in die voorportaal of kontak die kantoor by 021 554 1290

Bankbesonderhede: NG Kerk Bloubergstrand, ABSA Table View, Tjek rek nr: 327 014 0539, Takkode: 632005



Snapscan